

Winkerk 7 - Byvoeg van lidmate

Agtergrond

Vanaf weergawe 7.30.41 word die byvoeg van lidmate heeltemal verander om die funksionaliteit van WinkerkOnline te inkorporeer in Winkerk 7 in. Die normale byvoeg funksie is steeds beskikbaar, indien iemand bygevoeg moet word, wat nie op WinkerkOnline gevind kan word nie of indien die gemeente nie geregistreer is vir WinkerkOnline nie. Gemeentes wat nog nie vir WinkerkOnline geregistreer is nie, word aangemoedig om dit te doen omdat hulle dan deel kan kry aan die voordele wat WinkerkOnline toevoeg tot die werking van Winkerk 7.

Werking

Om 'n nuwe lidmaat by te voeg moet daar op die gewone "Voeg By" knoppie geklik word.



In weergawes voor 7.30.41 was die volgende skerm vertoon:



In weergawes na 7.30.40 word die volgende skerm dan vertoon:

Wanneer die opsie "Soek op WinkerkOnline" gekies word, sal die volgende skerm verskyn.

Tag	Van	Voorname	Nooiensvan	Titel	Geboortedatum	IDNommer	Gemeentenaam	Denominasie	Rekordstatus	Lidmaatsstatus	BewysStatus
<input type="checkbox"/>	Venter	Jan Hendrik		Ds			Lyttelton	Ned Geref Kerk	Inactive	Belydend	Received
<input type="checkbox"/>	Venter	Eugenié	Kotzé	Mev			Lyttelton	Ned Geref Kerk	Inactive	Belydend	Received

In die blokkies bo moet die van of die nooiensvan ingetik word asook die volle name en geboortedatum van die nuwe lidmaat. Kliek dan op die "Soek" knoppie. Indien die lidmaat iewers gevind word in die sentrale data op WinkerkOnline, sal die lidmaat se inligting in die lysie vertoon word. Indien die lidmaat 'n gesinshoof is, sal die hele gesin se inligting vertoon word. Elke gesinslid wat in die Winkerk 7 data ingeskryf moet word, moet aan die linkerkant "GeTag" word, en dan moet daar onder aan die skerm op "Kies" gekliek word.

Wanneer daar op "Kies" gekliek word, word die volgende skerm vertoon:

Verander familie/Voeg familie by

Voeg lidmaat by Verwyder lidmaat

an Hendrik Venter Hoof Eugenié Venter

Persoonlike detail

Van: Venter Titel: Ds ID nommer: Geslag: Manlik

Volle name: Jan Hendrik Voorletters: J H Geboortedatum: Status: Aktief

Noemnaam: Jan Nooiensvan: Datum ingetrek: dd/MM/yyyy Onaktief

Kontak & Adres info Lidmaatskap Groepe Meelewing & Gawes Gesin Mylpale Kommentaar & Gebruiker velde Bank & Beroep details Boodskappe Medies

Woonadres Selfoon > Ontvang SMS

Posadres Werk tel Faks

Landlyn Epos > Ontvang Epos

Wyk Breedtegraad

Predekantwyk Lengtegraad

Boodskapper

Stoor Kanselleer

In hierdie skerm is daar 'n "TAB" vir elke gesinslid. In die bg. skerm is die "TAB" vir die gesinshoof aktief.

Die bostaande skerm wys dat daar ook op gesinslede geklik kan word. Verder kan daar ook op die

Verander familie/Voeg familie by

Voeg lidmaat by Verwyder lidmaat

Jan Hendrik Venter (Hoof) Eugenié Venter

Persoonlike detail

Van: Venter Titel: Mev ID nommer: Geeslag: Vroulik

Volle name: Eugenié Voorletters: E Geboortedatum: Status

Noemnaam: Eugenié Nooiensvan: Kotzé Datum ingetrek: dd/MM/yyyy Aktief Onaktief

Kontak & Adres info **Lidmaatskap** Groepe Meelewing & Gaves Gesin Mylpale Kommentaar & Gebruiker velde Bank & Beroep details Boodskappe Medies

Lidmaatstatus: Belydend Datum aangevra: 20/07/2019 Kommentaar (Doop)

Aansluitmetode: WinkerkOnline Datum ontvang: dd/MM/yyyy

Bewysstatus: Aangevra

Aanvragemeente: Lyttelton Kommentaar (Belydenis)

Vorige gemeente: ...

Stoor Kanselleer

verskillende "Tabs" aan die onderkant geklik word soos bv. "Kontak & Adres Info", "Lidmaatskap", "Groepe", "Gesin" ens.



Dit is belangrik om daarop te let dat daar op hierdie punt enige ontbrekende inligting van die lidmaat bygewerk kan word. Gestel die lidmaat het nie by die gemeente in WinkerkOnline 'n selfoonnommer gehad nie, kan dit hier ingetik word. Die "Aansluitmetode" word aangedui as "WinkerkOnline" en die "Bewysstatus" as "Aangevra". Dit moet net so gestoor word. Wanneer die attestaat dan ontvang word moet die "Bewysstatus" verander word na "Ontvang" en kan die "Aansluitmetode" ook verander word na gelang van die gemeente se behoeftes.



Dit word ook aanbeveel dat die lidmaat se adres op hierdie stadium bygevoeg kan word. Dit word soos normaalweg in Winkerk 7 gedoen deur op die knoppie met 3 kolletjies langs "Woonadres" te klik. Die normale "Lys van Adresse" skerm word vertoon. Indien die lidmaat se adres reeds in die lys van adresse sou voorkom, kan daar vir die adres gesoek word soos in onderstaande skerm:

Adres Bestuurder

Wyk	Predikants wyk	Straat adres
		12
Eldoglen 2		12 Glen Village
B07		12 Jabulani
Buitewyk 1		12 Sharondale
Buitewyk 3		12 Sooty
Buitewyk		12 Thatch View 2
A07		1245A Willem Bothastr
Buitewyk 3		125 Vista
Buitewyk 2		1260B Dunwoodie str

Woonadres: 12 Sharondale
Erasmuslaan
Eldoraigne
0157

Posadres: 12 Sharondale
Erasmuslaan
Eldoraigne
0157

Landlyn:

Wyk:

Predikants wyk:

Breedtegraad:

Lengtegraad:

Let daarop dat daar in die "Filter skerpie" die syfers 12 ingetik was. Dit vertoon dan alle adresse waarvan die straatadres met 'n 12 begin. Dubbelklik dan op die regte adres.

Alle inligting van die lidmate wat op WinkerkOnline voorkom by die betrokke gemeente en wat relevant is vir die nuwe gemeente, word dan in die nuwe gemeente se Winkerk 7 databasis ingeskryf. Let asb daarop dat al die lidmate wat in die skerm verskyn (in al die verskillende "Tabs"), sal almal gelyktydig bygevoeg word in die databasis wanneer daar op "Stoor" geklik word.



Indien 'n gemeente nie vir WinkerkOnline geregistreer is nie, is die "Soek op WinkerkOnline" knoppie grys met 'n rooi sterretjie langsaan wat aandui dat die gemeente nie geregistreer is nie.

Ons hoop u geniet die nuwe funksionaliteit.

Jan Venter

19 Julie 2019